Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

- TUISBLAD

- POLISIE EN MISDAAD

- NAMIBIË ’N DEURGANG VIR PERLEMOENSMOKKELAARS



Abalone

- POLISIE EN MISDAAD

# NAMIBIË ’N DEURGANG VIR PERLEMOENSMOKKELAARS

## Groot besendings by lughawe onderskep

**Volgens 'n verslag haal Suid-Afrikaanse perlemoen tot twee keer die prys van Chinese perlemoen op Asiatiese markte.**

**Yandi Du Plessis**

- 19 URE GELEDE - - 2023-07-18 00:00:00

Ellanie Smit - Namibië het ’n deurgangsroete geword vir perlemoensmokkelary vanuit Suid-Afrika na China.

Volgens ’n 2022-verslag oor wildbeskerming en wetstoepassing in Namibië is die bestaan van wettige perlemoenboerdery in Namibië gebruik as ’n front vir vervalste dokumentasie van perlemoenbesendings waarop beslag gelê is.

Luidens die verslag smokkel Suid-Afrikaanse kartelle toenemend perlemoen via buurlande om onder die radar te bly.

’n Groot oorgrens-smokkeloperasie is in 2022 by Warmbad in die suide van Namibië oopgevlek, terwyl groot besendings in vorige jare by die Internasionale Lughawe Hosea Kutako en ander doeanepunte onderskep is.

“Namibië werk nou saam met eweknieë in Suid-Afrika om die onwettige handel ’n nekslag toe te dien.”

Die verslag het verduidelik dat perlemoen, ’n soort weekdier, op ’n unieke manier in aanvraag is as een van die duurste seekossoorte wêreldwyd.

Talle perlemoenspesies kom in die wêreld se oseane voor – met Suid-Afrikaanse perlemoen (Haliotis midae) wat as een van die bestes beskou word.

Volgens die verslag haal Suid-Afrikaanse perlemoen tot twee keer die prys van Chinese perlemoen op Asiatiese markte.

“China is die voorlopende perlemoenprodusent wêreldwyd. ’n Hoë vraag na Suid-Afrikaanse perlemoen het ’n ontluikende onwettige handelsnetwerk in Suid-Afrika gedryf, wat die natuurlike voorraad uitgeroei het.”

Die verslag het daarop gewys dat wettige perlemoenboerdery bevorder is om natuurlike bevolkings aan te vul en ’n beheerde wettige handelsnetwerk te hervestig.

Wettige perlemoenboerdery is ook op relatief klein skaal aan die suidelike kus van Namibië gevestig aangesien Suid-Afrikaanse perlemoen nie natuurlik in die koue Benguelastroom

voorkom nie.

Volgens ’n verslag deur die Wildlife Trade Monitoring Network (Traffic) wat in 2018 vrygestel is, het stropers oor 18 jaar minstens 96 miljoen perlemoene uit Suid-Afrikaanse kuswaters gestroop.

Daarvolgens word ’n gemiddeld van 2 000 ton perlemoen jaarliks deur stropers uitgehaal – 20 keer die wettige hoeveelheid – in ’n onwettige bedryf wat op daardie tydstip minstens US$60 miljoen per jaar werd was.

“Buite Suid-Afrika is die akwakultuurbedryf in Namibië die enigste ander wettige produsent van perlemoen. ’n Ontleding van Hongkong-invoere dui egter sterk daarop dat onwettige perlemoen uit Suid-Afrika deur Namibië gesmokkel word.”

Die verslag het aangedui dat Namibië tussen 2012 en 2016 gemiddeld vier ton perlemoenprodukte per jaar uitgevoer het (behalwe in 2013, toe geen uitvoere aangeteken is nie). Die grootste deel (96%) van die uitvoerprodukte was in bevrore en/of gedroogde vorm. Geen uitvoere van ingemaakte perlemoen is aangeteken nie.

Luidens die verslag was die belangrikste invoerlande/gebiede in hierdie tydperk Suid-Afrika (wat verantwoordelik is vir 59% van al Namibië se uitvoere), Hongkong (20%), China (18%) en Angola (3%).

“Invoersyfers uit Hongkong alleen oorskry egter beide Namibië se produksie- en uitvoersyfers, wat daarop dui dat gestroopte perlemoen van Suid-Afrika moontlik uitgevoer word vanaf Namibië of via Namibië gesmokkel word.”

– republikein@republikein.com.na